

9 Augustus

Hebreërs 1, (Teks: 1:3; NGB 10)

Die kernvraag: Wie is Jesus Christus?

Jou antwoord is van ewigheidsbelang. Jesus Christus is die ewige en natuurlike Seun van God. Let op: Hy word nie die Seun van God toe Hy uit Maria gebore is nie. Toe was Hy alreeds Seun van God omdat Hy in die ewigheid uit die Vader gegenerer of gebore is. Van ewigheid af is Hy God soos sy Vader en is Hy die enigste natuurlike Seun van God. Sy Goddelike heerlijkheid word onderstreep deur die woorde: "afskynsel van sy heerlijkheid". Die heerlijkheid van die Vader is onsigbaar totdat dit in sy Seun skyn wanneer Hy as mens gebore word. Sy eenwees met die Vader word beklemtoon met die woorde: "afdruksel van sy wese".

Daarmee word die selfstandigheid van die Vader naas die Seun geopenbaar. Vader en Seun naas mekaar een heilige God! As ewige God dra Hy alles deur die krag van sy woord. "Woord" beteken hier hoofknik. Hy bestier alles deur 'n knik van sy Hoof. Die skepping en die herskepping bestier Hy as Middelaar. Deur sy Self-offer het Hy eenmaal en dit volkome vir ons, die reiniging van ons sondes bewerk. Met sy verhoging aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte sien ons sy heerlijkheid deur sy oorwinning. So word Hy aan jou bekendgestel deur die Heilige Gees. So kan jy saam met Petrus sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. So sal jy Hom aan die regterhand van sy Vader sien!

Ds. S.D. de Kock (Naboomspruit)